



Weeklikse graanmarkverslag



Bemaking- en Agribesigheidsafdeling

www.elsenburg.com

10 Julie 2015

Carine van Zyl
Tel: (021) 808 5189

1. SAFEX (MTM-PRYSE)

Die MTM-prys op Vrydag 10 Julie 2015 vir koringlewering in Julie was R3 955 per ton gelewer te Randfontein.

Kommoditeit	MTM-pryse (10/07/2015) R/mt					Week eindig R/mt 03/07/2015	Vergelykende verhandelings- dag R/mt 11/07/2014	% Verandering
	Jul-15	Aug-15	Sep-15	Des-15	Mar-16	Jul-15	Jul-14	Jul-14 tot Jul-15
Koring (RFTN)	3955	-	3980	3883	3933	3895	3750	5%
Geelmielies	2837	2843	2863	2889	2847	2717	1761	61%
Witmielies	3259	3246	3289	3351	3338	3071	1658	97%
Sonneblom	5412	-	5503	5583	-	5440	4540	19%
Sojabone 50ton	4880	-	4957	5059	5059	4775	5030	-3%
Sorghum	3050	-	3045	2950	-	3050	2500	22%

Bron: SAFEX, 2014 & 2015

Wintergewasse: Die koringprys vir lewering in Julie het die week op R3 955 per ton gesluit, R60 per ton hoër as die vorige week en R205 per ton (5%) hoër as die vergelykende verhandelingsdag in 2014.


Opvolg reën is nodig in die wintergraan produksiegebied. Alhoewel droë weer oor die algemeen vir die hele land voorspel is, sal verspreide reën oor die Wes-Kaap en minimale reën in die suide van die sentrale binneland aan die einde van die komende week voorkom. "The weather service forecast that rains would be about 33% higher of the average in the eastern part of the Western Cape from July to September, with the same probability in the western part of the province over October and November" (BusinessDayLive, 2015).

Die voorlopige oppervlakte met koring beplant word eers op **28 Julie 2015** deur *Nasionale Oesskattingkomitee (NOK)* bekend gemaak.

Invoerpariteit van Duitse koring gelewer in Randfontein het die week op R4 189 per ton te staan gekom en R3 757 per ton vir lewering in Durban, 'n styging die week van bykans R250 per ton. Invoerpariteit van VSA koring het die week met ongeveer R300 per ton gestyg; dit word op R4 606 per ton vir lewering in Randfontein bereken, teenoor die R4 174 per ton gelewer in Durban volgens *GraanSA*. Die invoerpariteit van Argentynse koring gelewer in Randfontein word op R4 197 per ton gereken en R3 765 per ton vir lewering in Durban (*GraanSA*, 2015), 'n weeklikse verhoging van ongeveer R120 per ton.

Van 27 Junie tot 3 Julie is daar nog koring vanaf Rusland (20 173 ton) en Duitsland (61 329 ton) ingevoer (*SAGIS*, 2015). Die seisoen se progressiewe koringinvoere het nou tot 1 482 510 ton verhoog (*SAGIS*, 2015). Verder gedurende die week is daar 4 675 ton koring uitgevoer, bykans 2 000 ton minder as die vorige week. Die week se uitvoere was onder andere bestem vir Zambië (1 606 ton), Zimbabwe (2 151 ton) en kleiner hoeveelhede vir Botswana, Namibië en Swaziland.

Die totale koringuitvoere vir die seisoen (vanaf 27 September 2014) staan op 227 284 ton (*SAGIS*, 2015).




Tydens die week, 27 Junie tot 3 Julie, is daar 4 588 ton koring deur produsente gelewer, teenoor veel kleiner hoeveelhede sedert die begin van Junie (*SAGIS*, 2015). Die *SAGIS* koringleweringssyfer vir die seisoen word tans op 1 703 011 ton gereken, 97.3% van die nasionale oesskatting wat 1 750 000 ton beloop is gelewer.

Somergewasse: Die 5^{de} oesskatting vir somergewasse wat aan die einde van Junie bekend gestel is, het die oesskatting vir mielies op 9 755 300 ton geskat, 84 750 ton laer as die vorige skatting (*NOK*, 2015). Onderskeidelik word die wit- en geelmielieproduksie op 4 649 800 ton en 5 105 500 ton geskat. Die witmielie-oes is vanjaar 40% kleiner as die vorige seisoen, terwyl die geelmielie-oes 22% kleiner is as die vorige seisoen is. Verder is daar ook bekend gemaak dat die sojaboonoes tans op 1 008 100 ton bereken word, 6.92% hoër as die vorige skatting van 942 850 ton. Dit kan moontlik vanjaar die eerste keer wees dat die Suid-Afrikaanse sojaboon-oes die een miljoen ton kerf verbygesteek (*PNS*, 2015), inaggenome die huidige oesskatting. Die 6^{de} oesskatting word op **28 Julie 2015** bekend gemaak.

Vanaf 27 Junie tot 3 Julie 2015 is daar 240 334 ton witmielies en 263 756 ton geelmielies gedurende die week deur produsente gelewer. Tesame met die aanpassings op die vorige week se produsentelewering – 'n 256 603 ton verhoging vir witmielies, asook 'n 65 647 ton verhoging op die geelmielies se lewering – word die totale progressiewe lewering vanaf 25 April 2015 tot 3 Julie op 2 791 226 ton witmielies en 3 271 799 ton geelmielies bereken (*SAGIS*, 2015).

Die prys vir geel- en witmielies vir lewering in Julie het onderskeidelik die week op R2 837 per ton en R3 259 per ton gesluit (*SAFEX*, 2015). Die geelmielies is R120 per ton hoër as die vorige week, terwyl die prys van witmielies die week R188 per ton hoër as die vorige week gesluit het. Die prys vir geel- en witmielielewering was verder onderskeidelik 61% (R1 076 per ton) en 97% (R1 601 per

ton) hoër as die vorige jaar se vergelykende verhandelingsdag. Die prys van witmielies het sedert Maart 2015 begin wegbeweeg vanaf geelmielies. "Irrigation grain producers and producers in the eastern parts of the summer grain region where it did rain, stand the chance to benefit from higher prices. Consumers on the other hand will be affected by inflation increase because of the shortage in the market following the reduce crop in 2015" (Farmers Weekly, 2015).



Volgens ABSA sal die droogte nie oor die algemeen die likiditeit van graanprodusente beïnvloed nie, alhoewel sommige individuele produsente met kontantvloei probleme kan sit aangesien die relatiewe daling in die produksie groter is as die styging in die prys (Farmers Weekly, 2015).

A.g.v. die onsekerheid oor die mielie-oes is daar reeds voor die begin van dië seisoen 65 250 ton geelmielies ingevoer (SAGIS, 2015). Verder is daar ook gedurende die seisoen reeds 79 851 ton geelmielies vanaf Argentinië ingevoer. Suid-Afrika het selfs begin om die afgelope 4 weke witmielies vanaf Zambië in te voer; 99 ton het gedurende die week 27 Junie tot 3 Julie ingekom (SAGIS, 2015). Gerugte dat mielies vanaf Meksiko oppad is doen ook die rondte.

Indien die werklik produksie (soos bepaal deur die SAGIS se produsente lewering) kleiner as die skatting is, sal die vooruitsig vir mielie-aanplantings vanaf Oktober ook kleiner wees, wat gevolglik die vroeë lewering in Maart en April beïnvloed.

Mielie-uitvoere vir die week 27 Junie tot 3 Julie is op 11 873 ton witmielies en 674 ton geelmielies gereken, dië mielies was hoofsaaklik vir buurlande bestem, met 'n minimale hoeveelheid geelmielies wat vir Korea bestem is (SAGIS, 2015). Dië week se uitvoere bring die totale uitvoere vir die seisoen van 25 April tot 3 Julie 2015 onderskeidelik op 75 162 ton witmielies en 30 795 ton geelmielies (SAGIS, 2015). Soos in die vorige graanverslag in meer besonderhede bespreek is, sal die droë toestande wat geheers het die mielie-uitvoere na die res van Afrika belemmer. Wat gevolglik produsente soos Zambië toegang tot 'nuwe' markte soos Zimbabwe en Namibië gee.

2. EKONOMIE & ENERGIE

Die internasionale nuus word steeds deur Griekeland oorheers, maar nuus uit China en Iran is ook op die voorgrond.

Die Griekse referendum wat in die eerste naweek in Julie gehou is sou bepaal of hul die "creditors' bailout conditions accept" aangesien plaaslike banke reeds van die European Central Bank (ECB) se bystand afgesny is (RMB, 2015). Die referendum se uitslag dui op die verwerping van die ECB krediet terme; gevolglik is die 'n Grexit ("Greek exit from the Eurozone") bykans onvermydelik. "Greek banks are running short of liquidity by the day and are being kept afloat. If the ECB takes a hard stance on Greek banks' liquidity, these banks would find themselves short of funding" (Bloomberg, 2015). Eerste Minister Tsipras onderhandel weer vroeg in die week met die leiers van die Eurozone dus sal dit interessant wees om te sien wat die ECB se volgende stap gaan wees. Intussen verhandel die Euro wisselkoers wisselvallig, en die mark is onseker of die Grexit goed of sleg sal wees vir die geldeenheid.


Die "Chinese equity market slump" is ook 'n ernstig krisis om van kennis te neem, veral aangesien dit een van die hoofdrywers van die sentiment in die mark was die week. A.g.v. China se swak ekonomiese groei het hul weereens rentekoerse laat daal – die 4^{de} daling sedert November 2014.

"The move presumably is primarily intended to help the economy but may also be an attempt to stabilise the stock market which has fallen 20% in two weeks" (RMB, 2015). Aandele in China verloor steeds waarde en hoof aanwysers het gedurende die week oornag met 3%-5% verswak, dit bring die algehele daling oor die afgelope 3 weke tot 30% (RMB, 2015). Aan die einde van die week was daar twee dae met skerp styging in die waarde van die hoof aanwysers in die Chinese mark - "volatility is extreme and it is possible that the market collapse will resume next week" (RMB, 2015).

Samespreking tussen Iran en die big 6 powers (VSA, Brittanje, China, Frankryk, Duitsland en Rusland) t.o.v. 'n nuclear'-ooreenkoms sou die week die sperdatum bereik het, maar is die datum is uitgeskuif aangesien geen ooreenkoms bereik kon word nie (FIN24, 2015). Gevolglik weeg dit in op die olie-prys; Brent ru-olie het die week verby die \$60 per vat vlakke tot so laag as \$55 per vat gedaal. Aangesien daar steeds 'n vooruitsig is vir 'n ooreenkoms, het die olieprys teen Vrydag weer tot \$59 per vat terug beweeg (RMB, 2015).

"The domestic and world economic climate remains uncertain with advanced economies and China, except for the USA economy, failing to provide the necessary inducement," volgens die South African Chamber of Commerce and Industry (SACCI) (The Citizen, 2015). SACCI het uitgewys dat die Griekse krisis onsekerheid in die Europese Unie (EU) tot gevolg het, wat oorspoel na die Suid-Afrikaanse mark aangesien die EU een van Suid-Afrika se belangrikste handelsvennote is. Op plaaslike vlak doen die uitvoer-volumes en bou-konstruksie nie goed nie (RMB, 2015). Plaaslik is daar ook krisisse soos Eskom se beurtkrag, die stygende werkloosheid en brandstofpryse wat vertroue belemmer. Ander nuus is dat die Reserwe Bank waarskynlik later die maand 'n rentekoers styging sal aankondig (RMB, 2015). Die vorige week is daar berig dat die verbruikersvertroue-indeks tot 'n 14 jaar laagtepunt gedaal het, en die week is die besigheidsvertroue indeks ook op 'n laagtepunt, 'n 16.5 jaar laagtepunt (The Citizen, 2015).

"The fuel price has shown increasing volatility in recent months, and motorists are advised to maintain a prudent stance towards their fuel expenditure" (FIN24, 2015). Die verwagting is dat daar dalk positiewe verandering in die plaaslike brandstofpryse kan wees, as gekyk word na die verwickeling van die olie-prys, maar die impak van die wisselkoers is minder gunstig. Die Rand se geweege gemiddelde koers teen 10h30, 10 Julie 2015 waarteen dit teenoor die VS-Dollar verhandel het, was R12.41 (Reserwe Bank, 2015). Die Britse pond het Vrydag teen R19.17 en die Euro het teen R13.78 teenoor die Rand verhandel (Reserwe Bank, 2015).



3. INTERNASIONALE SITUASIE

Die internasionale prys stygings het met die droë toestande in Kanada en die nat toestande wat die begin van die koring oesproses vertraag het begin. Gedurende Junie het die VSA mieliegordel - Illinois, Indiana en Ohio - meer as 200% van die normale reënval ontvang (Agrimoney, 2015). Die VSA se gewastoeestand vir mielies het van 74% aan die begin van Junie tot 68% aan die einde van die maand gedaal in die 'goed en baie goeie' kategorie (Agrimoney, 2015). Daar heers dus kommer oor die groter en die kwaliteit van die 2015-oes.

Reën oor die Oklahoma/Texas grens was op die ergste tydens die mid-Junie oestyd (Agrimoney, 2015). Teen die einde Junie was 38% van die VSA winterkoring klaar geoes, teenoor die gemiddeld van 46% in die verlede.

Ten spyte van die VSA se weersprobleme, het 'n hittegolf Europa getref – dus heers daar kommer oor die winter- en lentegewasse. In Frankryk is 91% van die koringoes as 'goed en baie goed' geklassifiseer en teen die einde van Junie was slegs 80% van die oes nog in die kategorie (Agrimoney, 2015). Die werklike effek van die hittegolf sal waarskynlik eers in die volgende paar weke gesien word. Terwyl die hittegolf ongunstig was tydens die finale stadium van die wintergewas ontwikkeling, moet daar in ag geneem word dat die veel meer skadelik sou wees indien die hittegolf 4-6 weke vroeër voorgekom het (Agrimoney, 2015).

In die Swart See gebied is die weerstoestand meer gunstig, met koeler en droë weer wat Rusland toelaat om vordering met die oes te toon nadat daar vroeër vertragings was a.g.v reën.

Graanmarkte was redelike gemaklik met gewasontwikkeling wanneer die weer dit toegelaat het. Soos die seisoen draai, sal die impak van die weer 'n prys drywer wees met kommer oor gewasskade en die opbrengspotensiaal.

5 Key factors that will influence the wheat market in the coming months.

1. Investment funds, Chicago: As volatility in agricultural markets increased (currently due to the weather disruptions), the desire for speculators to make a profit from it also increased. More activity in the market brings extra liquidity and opportunities, but also adds risk. The style of trading has changed over the past decade with speed of information and decision-making now lightning fast, with high risks related to it.

2. Carryover stocks, Europe: In the European countries with high production levels in the past season, wheat stocks carried over are expected. Accordingly, there will be higher competition in Europe to sell (export) the stock at decent prices.



3. Global tension, Russia and Ukraine: It is hard to not notice the impact that Russian and Black Sea wheat has had on grain price direction in recent years. World grain trade now relies on an extremely unpredictable producer for much of its supply comfort. Any disruption causes significant price reactions. In the past year rumours of a Russian export ban have been replaced with a tax on wheat exports – who knows what's next?

4. Changing weather, Southern Hemisphere: The weather phenomenon known as El Nino is established could cause disruption to global grain supply. We have seen this in the recent hot weather in Europe, the abnormally wet weather in parts of the US and the drought in Canada. The effects of El Nino can be enduring - an upward price swings is now a stronger possibility. Longer-term likely effects of El Nino are lower Australian production from warmer, drier weather in the future.

5. Variable outputs, North America and Canada: Yields produced by these major players are very susceptible to the weather and this can have a very unsettling effect on markets and prices. Areas in the US corn belt have seen more than 200% of normal rainfall over the past month which has given spring-sown crops a poor start to the season and delayed winter wheat harvests. Recognising the disruptive effect of low stock levels and erratic production on grain prices, the USA has increased stock levels over the past two years. While these stocks are larger, they are not so vast that the problem has been eradicated.

Source: Farmers Weekly UK, 2015